

26 November

Skrifgedeelte: Prediker 11:1-6

Hoe die Here wil hê dat ons moet leef ! (1)

Dit is belangrik om deurgaans te weet hoe die Here wil hê dat ons ons lewens moet inrig. Dit is veral nodig omdat ons telkens ons lewens so laat verwater, dat dit nie meer God se doel dien nie. Dit is juis die wonder van 'n Skrifgedeelte soos hierdie waar die Here sulke duidelike rigtingwysers gee sodat ons ons lewens daarvolgens kan en moet inrig.

Die eerste rigtingwyser kry ons reeds in vers een: “Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug.” Vir ons klink dit ietwat vreemd dat 'n mens brood op die water moet gooi. Ons kan dit verstaan as ons onthou dat die Prediker hier die beeld gebruik van die vloedvlakte nadat die Nyl in vloed afgekom het. Terwyl die water nog so staan en besig is om terug te trek, saai die saaiers hulle saad. Van buite af lyk dit amper na 'n waagstuk, maar dit is nie so nie. Alhoewel die saad op die water gesaai word, kom die koring tog na 'n paar dae op en staan die brood “groen” op die lande. Hiermee sê die Here vir ons dat ons nie moet sit en niks doen en dink ons sal geseën wees nie. Lewe voluit! Doen jou ding! Dink aan die geweldige talente wat die Here juis aan jou gegee het. As jy hulle egter nie gebruik nie, sal daar niks met jou lewe gebeur nie. Jy moet werklik elke dag jou beste gee. Selfs al voel dit vir jou asof jy sogenaamd nutteloos besig is, moet jy weet dat dit nie die geval is nie. Die werk wat jy doen, is die moeite werd voor die Here God. Aanvaar dit gelowig.

Weet ook dat ons in die Here Jesus Christus ons Verlosser alles gelowig uit die hand van God kan en moet aanvaar en die beste van ons lewe maak, solank as wat ons lewenstyd op hierdie aarde gegun word.

Sing: Psalm 20:1,2 Ds D Laufs (Alberton-Wes)